

**23 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 13-14**

**Fokusgedeelte: Jesaja 14:13-17**

### **Geen mag kan teen God bly staan nie**

In die tyd van Jesaja was Assirië die sterkste land in Israel se omgewing. Babel was deel van die Assiriese Ryk en dus nie eintlik 'n faktor nie. Eers 'n honderd jaar later sou Babel weer 'n sterk staat word. Toe het Babel die Assiriese Ryk verslaan en die sterkste moondheid van sy tyd geword. Babel sou ook Jerusalem inneem, die stad en die tempel verwoes en die volk in ballingskap wegvoer. Jesaja kyk nou vooruit na daardie tyd en wat daarna sou gebeur. Die konings van Babel, soos Nebukadneser, het hulself verhef en in hoogmoed opgetree. Dink maar aan Daniël 4, waar Nebukadneser deur Daniël gewaarsku is oor wat met hom sou gebeur. Hy het hom egter oor die groot stad wat hy gebou het beroem en is toe deur God verneder. Dieselfde sou volgens Jesaja met die Babiloniese Ryk en sy konings gebeur. Die koning van Babel wou God eintlik van die troon stoot. Op die ou end sou Babel egter vernietig word en sy koning doodgemaak word. Die wêreld sal die vernedering van Babel sien en verstom staan. Deur die geskiedenis heen het dit telkens gebeur dat groot moondhede kom en gaan – maar God en sy Koninkryk bly. Al lyk dit soms of die magte van die duisternis die kerk wil oorweldig, hoef gelowiges nooit te twyfel oor God se mag nie. Die hoogmoediges, ook die hoogmoedige regeerders van hierdie wêreld, kan nie bly staan wanneer God optree en sy koninkryk laat kom nie.

*Sing: Psalm 36:2,3*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*